## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1496 8 Augustus 1975

### VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Erf 375, McGregor, met die historiese geboue daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere stuk grond met die historiese geboue daarop, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, synde Erf 375, 'n gedeelte van Erf 8, McGregor, en groot tweeduisend eenhonderd een-en-veertig (2 141) vierkante meter.

Transportakte 15327, gedateer 30 Mei 1974.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie twee huisies in die volksboukundige styl dateer uit die tweede helfte van die negentiende eeu. Die eiendom vorm in sy geheel 'n belangrike argitektoniese element van die historiese kern van McGregor. (10/2/403.)

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1497 8 Augustus 1975

### VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese Munisipale Kantore daarop, in Voortrekkerstraat, McGregor, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere opgehefte erfpaggrond met die historiese Munisipale Kantore daarop, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, synde die resterende gedeelte van Erf 81, McGregor, 'n belasbare gebied in die McGregorbesproeiingsdistrik, en groot as sodanig eenhonderd vier-en-tagtig (184) vierkante roede vier-en-sestig (64) vierkante voet.

Transportakte 15242/1965, gedateer 15 Junie 1965.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die Munisipale Kantore is geleë in die middel van McGregor en bestaan uit 'n gewelhuis en 'n Georgiaanse anneks, wat beide uit ongeveer 1870 dateer.

Die gewelhuis is 'n verteenwoordigende voorbeeld van die laaste opflikkering van die Kaaps-Hollandse boustyl. Die Georgiaanse anneks is 'n dubbelverdiepinggebou. Tesame vorm hierdie geboue 'n interessante eenheid en 'n belangrike argitektoniese element in die historiese kern van McGregor. (10/2/405.)

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1498 8 Augustus 1975

### VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese plaashuis Weltevreden, met sy wynkelder en buitegebou teenoor die wynkelder, in die distrik Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1496 8 August 1975

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare Erf 375, McGregor, with the historic buildings thereon, to be a national monument.

*Description*

Certain piece of land with the historic buildings thereon, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, being Erf 375, a portion of Erf 8, McGregor, and measuring two thousand one hundred and forty-one (2 141) square metres.

Deed of Transfer 15327, dated 30 May 1974.

*Historical and architectural interest*

These two cottages in the vernacular style date from the second half of the nineteenth century. The property in its entirety forms an important architectural element of the historic centre of McGregor. (10/2/403.)

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1497 8 August 1975

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic Municipal Offices thereon, in Voortrekker Street, McGregor, to be a national monument.

*Description*

Certain abolished quitrent land with the historic Municipal Offices thereon, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, being the remaining extent of Erf 81, McGregor, a rateable area in the McGregor Irrigation District, and measuring as such one hundred and eighty-four (184) square roods sixty-four (64) square feet.

Deed of Transfer 15242/1965, dated 15 June 1965.

*Historical and architectural interest*

The Municipal Offices are situated in the centre of McGregor and consists of a gabled house and a Georgian annex, both of which date from about 1870.

The gabled house is a representative example of the last flickering of the Cape Dutch architectural style. The Georgian annex is a double-storeyed building. These buildings together form an interesting unit and an important architectural element of the historic centre of McGregor. (10/2/405.)

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1498 8 August 1975

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the historic farmhouse, Weltevreden, with its wine-cellar and the outbuilding opposite the wine-cellar, in the Stellenbosch District, to be a national monument.